# 'N NUWE LEWE

## VAN VREDE MET GOD

Deur: Jacobus N S Pretorius BTh (Hons)
+27 72 347 7919 - jacobusns@gmail.com

God se boodskap van verlossing volgens die Bybel

Aanhalings uit die Bybel kom hoofsaaklik uit die 1953 Afrikaanse vertaling (OAV). Die res kom uit die Nuwe Afrikaanse Vertaling van 1983 en word aangedui as NAV, ook die 2020 Afrikaanse Vertaling van die Bybel aangedui word as 2020AV.

Kopiereg word gehou deur die skrywer, JNS Pretorius.

Eerste uitgawe: Februarie 2006

Tweede hersiene uitgawe: Januarie 2010

Derde hersiene uitgawe: November 2012

Vierde hersiene uitgawe: Maart 2023

ISBN: 978-0-620-55146-5

# BELANGRIKE VRAE

Vir baie Christene is die antwoorde op die volgende vrae voor die hand liggend. Vir die meerderheid Christene is dit egter nie noodwendig so voor die hand liggend nie. In baie 'gelowiges' se gemoedere is daar onsekerheid hieroor. Baie nie-Christene sal ook in 'n beter posisie wees om 'n besluit te neem indien hulle weet van hierdie vrae en die antwoorde daarop. Sommiges het dalk alreeds hieroor gewonder. Die vrae ter sprake is:

- Hoe betroubaar en geloofwaardig is die Bybel?
- Watter gesag het die Bybel?
- Kan 'n mens God deur die Bybel leer ken?
- Indien wel, wat leer die Bybel oor God?
- Wat leer die Bybel oor die natuurlike mens se verhouding met God?
- Is daar vrede tussen die natuurlike mens en God?
- Indien nie, hoekom nie?
- Kan die verhouding herstel word?
- Kan die mens met God versoen word?
- Indien wel, hoe?
- Is 'n nuwe lewe van vrede met God werklik moontlik vir die mens?

In hierdie boekie word gepoog om, hoewel bondig, hierdie belangrike vrae te beantwoord. Dit kan help om God se plan van verlossing vir die mens, beter te verstaan.

Die leser is dalk alreeds 'n Bybel-gelowige (ware Christen), en ken dalk die antwoorde op hierdie vrae. U kan dan gerus hierdie boekie as 'hersiening' gebruik en sodoende vir uself seker maak dat u die regte antwoorde op hierdie vrae ken, in hierdie tyd waar *"Baie vals profete sal verskyn en hulle sal baie mense mislei. En omdat die wetteloosheid sal toeneem, sal baie se liefde afkoel. Wie egter volhard tot aan die einde, dié sal verlos word."* (Mat. 24:11-13; 2020AV). Dit kan gelowiges se geloof net versterk. Dit kan ook help dat hulle *"altyd gereed* (is) *om* (hulle) *te verantwoord teenoor elkeen wat van* (hulle) *rekenskap eis oor die hoop wat in* (hulle) *leef.* (1 Pet. 3:15; 2020AV).

# Inhoud:

BELANGRIKE VRAE....2
1 DIE GESAG VAN DIE BYBEL....4
2 DOOD IN SONDE....8
2.1 Wat is Sonde?....8
2.2 Sondeval....8
2.3 Mag van die Bose....10
3 GOD IS LIEFDE....15
3.1 Sommige natuurlike attribute (eienskappe) van God.....15
3.2 Sommige morele attribute (eienskappe) van God.....15
3.3 Liefde, as God se allesomvattende morele eienskap.....16
4 GOEIE NUUS....18
4.1 Verlossing....18
4.2 Versoening met God vir die mens....18
4.3 Vermoë om keuses te maak (vrye wil)....20
5 TYD OM TE BESLUIT?....23
5.1 Aanvaar God se geskenk van versoening met Hom....23
6 DIE NUWE LEWE....27
6.1 Nuwe geboorte....28
6.2 Oorgawe....30
6.3 Heiligheid....30
6.4 God se liefde in gelowiges....31
7 KRAG UIT DIE HOOGTE....37

# 1 DIE GESAG VAN DIE BYBEL

Die Bybel openbaar aan die mens die goeie nuus van ‘n God van liefde, as die enigste ware Skepper-God, en sy handelinge met die mens. In hierdie handelinge van God met die mens, leer die Bybel, dat daar dinge gebeur het wat die mens van die God van liefde vervreem het. Die slegte nuus van die Bybel is dat die natuurlike mens van God vervreem en verlate is, dood is in sy sonde en daarom verlore en verdoem tot die ewige verderf. Dit is, volgens die Bybel, die toestand van elke mens op aarde, ongeag hoe ‘n goeie mens hy of sy mag wees. Erger nog, daar is volgens die Bybel niks wat die mens kan doen om die verhouding met God te herstel nie. Daar is egter, besonder goeie nuus in die Bybel, naamlik dat, omdat God liefde is, Hy dit van sy kant af moontlik gemaak het dat die verhouding tussen Homself en die mens herstel kan word. Hierdie herstel van die verhouding met God is nie net moontlik nie, maar dit is ‘n absolute vereiste vir verlossing en vir **‘n nuwe lewe van vrede met God**. Daarom roep die Bybel mense op tot versoening met God, onder andere in die woorde van Paulus in 2 Kor. 5:20b:

> ***"Ons pleit by julle, om Christus ontwil: Laat julle met God versoen."*** (2020AV).

God wil graag die verhouding herstel, Hy sê volgens Jes. 1:18:

> ***"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."*** (OAV).

Dit is alles egter betekenisloos as die Bybel bloot 'n menslike geskrif is, en dit is wat Satan en sy gesante die mens wil laat glo. Deur die eeue en tot vandag, word daar baie gedoen om die Bybel se geloofwaardigheid as God se Woord af te breek. Reeds in die tuin van Eden het Satan, deur die slang, by die mens twyfel begin saai oor die waarheid van wat God sê, toe hy gesê het ***“Is dit so dat God gesê het: ...”*** (Gen. 3:1 OAV) en ***“Julle sal gewis nie sterwe nie”*** (Gen. 3:4 OAV). Satan maak God tot leuenaar en hy volhard steeds om op alle moontlike maniere twyfel te saai oor die betroubaarheid van die Bybel as God se Woord. Die Bybel leer in 2 Kor. 11:14-15:

> ***“... Satan self verander hom in ‘n engel van die lig.***
>
> ***Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke. ”*** (0AV)

Soos wat Satan homself voordoen as ‘n engel van die lig (2 Kor. 11:14), so doen sommige van sy dienaars, wat dikwels hoogs geleerde teoloë is, hulle voor as Christene, terwyl hulle in werklikheid liberale (vrydenkende) ongelowiges is wat geen

steen onaangeroer laat om die gesag van die Bybel te ondermyn nie. Dit is mense wat die Bybel ken, maar nie die God wat in die Bybel geopenbaar word nie. Ook in skole, universiteite en ander opleidings instellings word die gesag van die Bybel ondermyn, onder andere, deur die evolusie leer as evangelie aan te bied, asof dit 'n bewese feit is, terwyl dit, behalwe vir evolusie wat voorkom binne spesies, in wese ‘n onbewysbare hipotese is. Hulle vind dit makliker om te **glo** dat iets wat so klein is dat dit eintlik onsigbaar is ontplof het (die sogenaamde Oerknal) en dat die heelal met al sy massiewe planete, sterre stelsels en al die wonderlike dinge hier op die aarde die gevolg is daarvan. Geen wetenskaplike kan verduidelik wat hierdie iets is wat ontplof het, waar dit vandaan kom, hoe dit daar gekom het en wat dit laat ontplof het nie. Dit was maar net daar – is dit wetenskap of glo hulle dit maar net? Om hierdie onwetenskaplike “wetenskap” te glo verg werklik ’n besonder groot “geloof”. Dit is vir hulle moeiliker om te glo dat ‘n intelligente Wese wat altyd daar was al die wonderlike dinge geskep het.

Daar is dan ook nog 'n verskeidenheid van ander gelowe soos: Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, om nie eers te praat van die groot verskeidenheid kultusse, wat elk sy eie idees, gegrond op sekere geskrifte, het nie, wat almal die Bybel weerspreek.

Hoe kan ‘n mens seker wees dat die Bybel wel God se (besondere) geïnspireerde openbaring aan die mens is? Dit is onmoontlik om dit wetenskaplik te bewys. Daar is wel baie sterk en geldige filosofiese argumente, maar dit is nie bewyse nie. Daar is egter genoeg rede wat vir hierdie skrywer en vir miljoene ander gelowiges voldoende is. Soveel so dat miljoene gelowiges reeds bereid was om gemartel te word en te sterf daarvoor. Dit gebeur steeds daagliks in lande en gebiede waar Bybel-gelowiges (ware Christene) vervolg, gemartel en doodgemaak word, net omdat hulle Christene is. Die meeste van hierdie gelowiges het 'n keuse gehad, hulle kon kies teen die Bybel en die Christelike geloof en sodoende hulle lewens behou, maar hulle was so seker dat hulle bereid was om die hoogste prys te betaal. Onder die eerstes van hierdie Christen-martelare was die apostels, wat die Here Jesus persoonlik geken het, en getuies was van sy lewe, sy kruisiging en sy opstanding uit die dood.

Om die Bybel as God se openbaring te erken (of liewer te herken) is geen blinde stap in die geloof nie. Die Bybel is uniek en daar is geen ander antieke geskrif wat eers by benadering daarmee vergelyk kan word wanneer dit kom by geloofwaardigheid en betroubaarheid nie. Niemand kan verplig word om die Bybel te glo nie, maar as 'n mens die volgende feite in aanmerking neem (verkry uit *Evidence that Demands a Verdict* deur Josh McDowell, en *In Defense of the Faith* deur Dave Hunt), sou 'n mens verwag dat elke intelligente persoon ten minste ernstige oorweging sal gee aan die inhoud van die Bybel en dit nader sal ondersoek:-

- Oor 'n tydperk van 1 500 jaar het meer as 40 skrywers, (waaronder vissermanne, herders, konings, dokters, ens.), in drie kontinente, (Asië, Afrika en Europa) in drie

verskillende tale, (Hebreeus, Aramees en Grieks) oor talle potensieel aanvegbare sake die openbaring van God aan die mens in 66 boeke opgeskryf, sonder om mekaar te weerspreek, en in perfekte harmonie met mekaar, sover dit die verlossingsboodskap betref.

- Van al die antieke manuskripte wat behoue gebly het is die van die Bybel onvergelykbaar meer, en in tyd, baie nader aan die oorspronklikes as die van sekulêre manuskripte. Vanuit die Nuwe Testament is daar 24 600 manuskripte waarvan sommige terug dateer tot minder as 'n eeu na die oorspronklikes, terwyl die meeste tussen 300 en 400 jaar na die oorspronklike is. Geeneen van al die antieke sekulêre werke het eers 1000 manuskripte nie, en die meeste het minder as tien, terwyl die tydsverloop tussen die oorspronklike en die oudste manuskrip in die meeste gevalle meer as 1000 jaar is. Dit beteken dat die Bybelse manuskripte meer betroubaar is. Dit beteken verder dat, indien die Bybel nie as geloofwaardig aanvaar kan word nie, kan geen antieke manuskripte as geloofwaardig aanvaar word nie.

- Deur die eeue was kritici se pogings om die geloofwaardigheid van die Bybel af te breek onsuksesvol. Baie bewerings oor die korrupsie en verdraaiing van die Bybel word gemaak, maar geen bewyse kan voorgelê word nie.

- Argeologiese opgrawings kon niks in die Bybel as vals bewys nie. Inteendeel het dit skeptici telkens verkeerd bewys en die Bybel as waar. Daar was byvoorbeeld aanvanklik geen argeologiese bewys vir die bestaan van die Hetiete as 'n volk in Kanaän nie. Skeptici het dit aangegryp as bewys dat die Bybel onbetroubaar is. Tot hulle ontsteltenis het argeologiese bewyse egter begin instroom en is daar tans in Ankara, Turkye, 'n hele museum wat uitsluitlik gewy is aan die Hetiete. Dit is maar een van talle voorbeelde. As gevolg van die betroubaarheid van die argeologiese rekord van die Bybel word die Bybel vandag deur sommige argeoloë in Israel gebruik om antieke stede op te spoor.

- Die profetiese rekord van die Bybel is onberispelik. 'n Groot hoeveelheid profesieë oor nasies en mense is in die Bybel gemaak, en alles wat reeds vervul moes word is presies so vervul, insluitende al die profesieë oor die eerste koms van die Here Jesus Christus. Daarom is dit seker dat alle profesieë wat volgens die Bybel nog in vervulling moet gaan, presies so vervul sal word. Daar is geen ander boek wat so ‘n onberispelike profetiese rekord het nie.

- Die Bybel het miljoene mense in kontak gebring met die lewende God wat hulle lewens, vir ewig, onherroeplik verander het. Hulle ervaar die blydskap en vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, selfs in die haglikste omstandighede en te midde van ernstige vervolging.

Die Bybel maak dan ook daarop aanspraak dat dit die ware Skepper God se geïnspireerde openbaring van Homself aan die mens is; 2 Tim. 3:16:

> *"Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer ...".* (2020AV)

Verder het die Here Jesus die volgende uitdaging in Joh. 7:17 gerig:

> ***"As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat."*** (NAV)

Dit geld steeds. As iemand die wil van God doen, soos dit in die Bybel uiteengesit word, sal hy/sy weet dat dit wel van God af is.

Die meeste mense wat die Bybel nie as God se openbaring aan die mens aanvaar nie, doen dit teen hulle beterwete. Hulle besef dat dit wel die Woord van God is, maar sien nie kans om aan die morele eise en standaarde van die Bybel te voldoen nie. Hulle soek dan fout ten einde hulle self en ander te oortuig dat die Bybel nie geloofwaardig is nie. So probeer hulle, hul eie gewetens sus (meesal onsuksesvol), wat dan later heeltemal afgestomp raak indien hulle daarmee volhard.

Soos wat die duiwel alles in sy vermoë doen om die Bybel as God se openbaring af te kraak, laat hy ook geen steen onaangeroer nie om gelowiges te mislei en hulle geloof te ondermyn deur dwaalleraars en vals profete, wat dikwels groot Bybelse waarhede net effens verdraai ten einde gelowiges op 'n dwaalspoor te bring. Dit is dikwels uitstekende predikers wat soms uit onkunde, maar dikwels bewustelik sulke dwaalleer verkondig. Die Here Jesus waarsku in Mat. 7:15 as volg:

> *"**Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. .**"* (0AV)

In Mat. 24:11 waarsku die Here Jesus ook dat voor sy wederkoms

> *"**... baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.**"* (OAV)

Die apostels waarsku ook telkens teen vals profete en predikers, sien onder andere Hand. 20:30; 1Tim. 4:1; 2 Pet. 2:1 en 1 Joh. 4:1. **Om hierdie rede is elke gelowige verantwoordelik om self die God van die Bybel deur biddende Bybelstudie te leer ken**, anders kan hy/sy deur vals leraars mislei word. Hy/sy is dit aan hom-/haarself verskuldig, want daar alleen, in die Bybel, biddend en met die hulp van God deur sy Heilige Gees, is die **nuwe lewe van vrede met God** te vind.

Enige ernstige student van die Bybel sal gou agterkom dat die God van die Bybel, die enigste ware Skepper God is en dat Hy 'n God van liefde is, en daarom is daar hoop vir die natuurlike mens wat van God vervreem is en dood is in sy sonde.

# 2 DOOD IN SONDE

Wanneer ’n mens (voor werklike bekering) besef dat jy, as gevolg van sonde, van die ware God vervreem en verlate is en in ‘n toestand van geestelike dood verkeer, kan dit vir niemand goeie nuus wees nie. Dit is egter ‘n feit, of ‘n mens dit glo of nie, want die mens het sonde teen God gedoen.

## 2.1 Wat is Sonde?

Sonde is die oortreding of nie-nakoming van God se wet volgens 1 Joh. 3:4:

> ***“Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God.”*** (NAV)

En die wet van God word deur die Here Jesus volgens Mark. 12:29-31 as volg saamgevat:

> ***“En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is ‘n enige Here;***
>
> ***en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod.***
>
> ***En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie*.** (OAV)

God se wet is dus liefde. Dit beteken dan dat alle liefdelose optrede teenoor God en naaste sonde is. Ja alle liefdelose optrede, gedagtes en gesindhede jeens God en naaste is sonde.

Liefdelose optrede, gedagtes en gesindhede teenoor God en naaste is in wese selfsug. Die eerste mense se liefdelose oftewel selfsugtige optrede teenoor God (ongehoorsaamheid en ‘n selfsugtige poging om soos God te word onder aanhitsing van die slang - Satan) was dus die eerste sonde. Net so is elke selfsugtige en liefdelose optrede van elke mens steeds ‘n oortreding van God se wet en daarom is dit sonde. Sonde is selfsug en eiebelang, ‘n oormaat selfliefde in die plek van liefde vir God en jou naaste.

## 2.2 Sondeval

God plaas die eerste mense in ‘n wonderlike omgewing, waar hulle in ‘n spesiale verhouding met Hom is en sy spesiale teenwoordigheid ervaar. God gee aan die mens, wat toegerus is met ‘n vrye wil, die opdrag om te heers. Die mens het God liefgehad en daarom het hy God se opdragte aanvanklik gehoorsaam. Die mens het egter onder

aanhitsing van Satan liefdeloos en selfsugtig begin optree deur God se opdragte te ignoreer en te probeer om soos God te word.

God het die mens verbied om van die boom van kennis van goed en kwaad te eet. Hy het hulle gewaarsku dat hulle dieselfde dag dat hulle van die vrug van hierdie boom eet, sou sterf (sien Gen. 2:17). Satan het hulle egter oortuig dat: *"..., **julle oë sal oopgaan. Dan sal julle word soos God, ...**"*, indien hulle van die verbode vrug sou eet (Gen. 3:5 2020AV). Dit was vir hulle 'n aantreklike moontlikheid (Gen. 3:6), en hulle het van die vrug geëet. Dit was 'n daad van liefdeloosheid teenoor God, nie net omdat dit ongehoorsaamheid was aan God se opdrag nie, maar ook omdat hulle 'n poging aangewend het om soos God te word. Die eet van die vrug van hierdie boom was in wese 'n okkultiese daad. Dit was 'n poging om soos God te word, om bonatuurlike kennis en mag te bekom. Dit het vir hulle gegaan oor die opheffing van die self. Soos wat magshonger mense vandag nog mag najaag (probeer om soos God te word) deur okkultiese praktyke te beoefen, het die eerste mense hierdie verbode 'vrug geëet' in hulle poging om soos God te word. Die sonde het dus nie slegs bestaan uit die eet van 'n vrug nie, maar die motief was 'n doelbewuste poging van die mens om soos God te word. Dit was die eerste sonde deur 'n mens. Die mens het homself liewer gehad as wat hy vir God gehad het en vir die eerste keer sy eie belange bokant die van God gestel.

God het gewaarsku, en die mens sterf dan ook op dieselfde dag, 'n geestelike dood, deurdat hy uit die tuin van Eden (God se spesiale teenwoordigheid) weggestuur word, na 'n wêreld wat vervloek is (Gen. 3:17) en wat in die mag van die Bose is. Die mens na die sondeval, is van God vervreem, dood in sy sonde, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Om van God verlate te wees beteken in Bybelse taal om dood te wees. Paulus skryf aan die gelowiges in Kolosse in Kol. 2:13:

> *"**Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie.**"* (NAV)

Sien onder andere ook Rom. 5:17; Ef. 2:1-5 en 5:14. Paulus beskryf hierdie verlore toestand van die Efesiërs voor hulle bekering as volg in Ef. 2:12:

> *"**In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God ..., sonder hoop en sonder God in die wêreld.**"* (NAV)

Hoewel die mens nie dadelik fisies gesterf het nie, het hy dadelik oorgegaan na die ewige dood en verdoemenis, wat in die Bybel die beskrywing is van 'n toestand wat veroorsaak word deur van God verlate en vervreem te wees. Dit is 'n erger dood as die fisiese dood van ware gelowiges, omdat dit totale en ewige vervreemding van God beteken vir diegene wat nie met God versoen is nie.

Omdat God liefde is kan liefdeloosheid, selfsugtigheid, sonde, nie in sy spesiale teenwoordigheid bestaan nie. Daarom kan ’n mens wat in sonde lewe en daarin volhard, nie met God versoen wees nie. Volgens die Bybel bring sonde altyd verwydering tussen God en mens. Selfs in sy verhouding met sy verbondsvolk, waarsku God in Jes. 59:2:

> ***"maar julle ongeregtighede het ’n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie."*** (OAV).

Die mens kan op geen manier, deur eie toedoen, terugkeer na God se spesiale teenwoordigheid, of dan, ‘n toestand van versoening met God nie. Die mens het nie die vermoë om uit hierdie toestand van dood in sonde tot God terug te keer, en te herlewe nie. Hierdie onvermoë om tot God (nuwe lewe) terug te keer word gesimboliseer deur die Gerubs met vlammende swaard wat volgens Gen. 3:24 die toegang tot die tuin (God se spesiale teenwoordigheid) bewaak.

## 2.3 Mag van die Bose

In hierdie toestand van geestelike dood, dood in sonde, van God verlate en sonder hoop in die wêreld, leef die mens en word hulle kinders gebore. Elkeen wat in hierdie wêreld gebore word is, net soos sy/haar ouers (voor werklike weergeboorte), van nature verlore, dood in sy/haar sonde en gaan ‘n ewigheid sonder God tegemoet.

Hierdie wêreld, waarin die mens leef, is in so 'n chaos na die sondeval, dat die heel eerste mens wat hier gebore word so op homself gerig en afgunstig is dat hy sy broer doodslaan. Kain slaan vir Abel dood volgens Gen. 4. Maar hoekom is Kain kwaad vir sy jonger broer? Abel bring aan God 'n offer wat aangeneem word (Gen. 4:4) en Kain bring ook aan God ‘n offer, maar dit word nie aangeneem nie (Gen. 4:5), Kain is te eiesinnig, hy wil God op sy eie manier dien. Hy soek God vir die voordele wat dit vir hom inhou. Ons lees in 1 Joh. 3:12: dat *“... **sy*** (Kain se) ***werke boos was ...***” (OAV), terwyl sy broer se werke regverdig was, en dit was maar die begin van die moeilikheid.

Die wêreld was so absoluut boos dat die Here na ongeveer 1 500 jaar jammer was dat Hy die mens gemaak het (Gen. 6:6). Die mens se sondigheid het God ***“tot in sy hart gegrief”*** (2020AV). Dit is duidelik dat die mens sy eie ding (eie wil) doen, teen God se wil. In al hierdie tyd vanaf die sondeval tot by Noag maak die Bybel melding van net drie persone, Abel, Henog (Gen.5:24), en Noag self, wat met die Here gewandel het. Noag word deur God as regverdig beskou volgens Gen. 6:8, 9. God besluit om die mensdom uit te wis en net Noag (en sy gesin ter wille van hom) te red. Na die sondvloed verloop daar nog ongeveer 400 jaar voordat God in Abram iemand vind wat so gehoorsaam en regverdig is, dat Hy hom kan gebruik. As ‘n mens in die Ou Testament lees van al die boosheid in die wêreld en hoe God selfs met Israel probleme gehad het omdat hulle, as sy uitverkore volk, so ontrou aan Hom was en so geneig tot

sonde en ongehoorsaamheid, dan is dit duidelik dat die wêreld in die mag van die Bose was. Watter houvas het die Bose nie op die wêreld nie as God se uitverkore volk nie eers na Hom wil luister nie? Volgens Jesaja 65:2 sê die Here:

> *"Ek het my hande die hele dag uitgebrei na 'n opstandige volk wat wandel op 'n weg wat nie goed is nie, agter hulle eie gedagtes aan;"* (OAV).

In die Nuwe Testament is die wêreld steeds in die mag van die Bose. By drie geleenthede verwys die Here Jesus na Satan as die owerste van hierdie wêreld. Lees dit gerus in Joh. 12:31; 14:30 en 16:11. Die Here Jesus leer sy dissipels hoe om te bid. Onder andere moet hulle bid:

> "*...; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*" Mat. 6:10. (OAV).

God se wil geskied hoofsaaklik nie op aarde nie, omdat die wêreld in die mag van die Bose is. Dit sou nie nodig wees om daarvoor te bid indien God se wil wel op aarde geskied het nie. Die Here Jesus leer sy dissipels ook in vers 13 om te bid - ***"... verlos ons van die Bose."*** Dit sou nie nodig gewees het indien die Bose nie 'n bedreiging vir sy dissipels kon inhou nie.

Ook in sy gebed vir sy dissipels volgens Joh. 17, maak die Here Jesus duidelik onderskeid tussen 'hierdie wêreld', aan die een kant, en sy dissipels aan die ander kant, asof hulle burgerskap op 'n ander plek het. Die Here Jesus bid volgens v 14 & 16: dat hulle

> *"... nie van die wêreld is nie, net soos Ek* (Jesus) *nie van die wêreld is nie."* (OAV).

Volgens v 15 bid Hy:

> *"Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar."* (OAV).

Die feit is dat sy dissipels se burgerskap in die koninkryk van God is (onder sy heerskappy), terwyl hulle nog fisies in hierdie wêreld is wat in die mag van die Bose is. Daarom vind die Here Jesus dit nodig om vir hulle bewaring van die Bose te bid.

Toe Satan volgens Luk. 4 die Here Jesus versoek het, en wou hê dat Hy hom moes aanbid, het Satan volgens vers 5 & 6 daarop aanspraak gemaak dat al die koninkryke van die wêreld aan hom behoort omdat dit aan hom oorgegee is. Die Here Jesus het dit nie betwis nie, maar slegs geantwoord dat God, volgens die Skrif, alleen aanbid moet word.

Volgens duidelike Bybelse uitsprake is die apostels dit eens dat die wêreld in die mag van die Bose is. Paulus verduidelik in Hand. 26:18 dat die Here Jesus, in verband met die heidene, aan hom die volgende opdrag gegee het:

> ***"Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God."*** (NAV)

In verband met gelowiges sê Paulus in Kol. 1:13:

> ***"Hy*** (God) ***wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons die verlossing het deur sy bloed,*** **naamlik** ***die vergifnis van die sondes."*** (OAV)

Paulus onderskei dus duidelik tussen die duisternis van hierdie wêreld en die heerskappy van God (koninkryk van Christus).

In 2 Kor. 4:4 skryf Paulus dat die ongelowiges:

> ***"... se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie."*** (NAV)

Satan verblind hierdie mense se sinne nie op 'n bonatuurlike manier nie, maar deur sy leuens en misleiding, soos met die eerste mense, slaag hy daarin om hulle vrywillig so op hulle self en eie voordeel te laat konsentreer, dat hulle nie die heerlikheid van Christus sien nie.

Die ware Christen-gelowige se burgerskap is in die koninkryk van God (onder sy heerskappy) deur sy Heilige Gees. Paulus sien dit ook so volgens Fil. 3:20:

> ***"Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,"*** (OAV).

Die skrywer van die brief aan die Hebreërs (waarskynlik Paulus) skryf ook in 13:14 in verband met gelowiges:

> ***"Want ons het hier geen blywende stad*** (verblyfplek) ***nie, maar ons soek die toekomstige."*** (OAV)

Volgens Heb. 11:13 het die geloofshelde van die Ou Testament

> ***"... bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was."*** (OAV)

Volgens vers Heb. 11: 14 - 16 is dit duidelik dat hulle ‘n ander vaderland soek, en dat hulle, hulleself gesien het as deel van die hemelse stad of vaderland (die koninkryk van God).

Hierdie “vaderland” waarna hulle soek volgens Heb. 13:14, is niks anders as die lewe hierna, in die fisiese koninkryk van God nie. 1 Pet. 1:17 en 2:11 verwys ook na gelowiges as bywoners en vreemdelinge, en na hulle vreemdelingskap, want hulle bevind hulle in ‘n wêreld wat in die mag van die Bose is.

Die apostel Johannes twyfel ook glad nie dat die wêreld in die mag van die Bose is nie. Hy skryf in 1 Joh. 5:19:

> *“**Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê.**”* (OAV).

Volgens Mark. 4:15

> *“**..., kom die Satan ... en neem die woord weg wat in hulle*** (sommige mense se) ***harte gesaai is.***” (OAV).

Paulus waarsku in 2 Kor. 11:14b,15a:

> *“**... die Satan self verander hom in ‘n engel van die lig. Dit is dus niks besonders as sy dienaars hulle voordoen as dienaars van geregtigheid nie.**”* (OAV)

Ten spyte daarvan dat sommige gelowiges en selfs Christen leraars dit ontken dat gelowiges in ‘n stryd met Sataniese magte betrokke is, waarsku Paulus gelowiges oor ‘n worstelstryd met die Bose en hy sluit homself daarby in, as iemand wat gebed nodig het daarteen. Vanaf Ef. 6:11 moedig hy gelowiges aan om die wapenrusting wat God voorsien het aan te trek en te gebruik ten einde staande te kan bly *“**teen die liste van die duiwel.**”* Hy verduidelik die stryd teen die Bose en die wapenrusting wat God voorsien het vir die stryd as volg in Ef. 6:12-17:

> *“**Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreld-heersers van die duisternis van hierdie eeu. 13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. 14 Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, 15 en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. 16 Behalwe dit alles neem die skild van geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. 17 En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die Woord van God.**”* (OAV)

Volgens 1 Tess. 2:18 het Paulus self probleme met die Bose gehad. Hy skryf in verband met hulle voorneme om na die Tessalonisense te gaan:

> *“maar die Satan het ons verhinder.”* (OAV).

In Jak. 4:7 kry gelowiges die volgende opdrag:

> ***“Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.”*** (OAV).

In 1 Pet. 5:8 word ons gewaarsku:

> ***“Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.”*** (OAV)

Kan daar nog enige twyfel wees dat hierdie wêreld, waarin die mens leef, in die mag van die Bose (Satan) is? Satan se mag is egter hoofsaaklik deur die wil en toelating van die mens wat steeds vrywillig, soos Adam en Eva, toegee aan sy leuens en misleiding, ter wille van gewaande eie voordeel.

Om dood in sonde te wees in ‘n wêreld wat in die mag van die Bose is, is werklik slegte nuus, maar daar baie goeie nuus in die Bybel. God wil die mens van hierdie doods bestaan verlos en met Homself versoen, want **God is liefde**.

# 3 GOD IS LIEFDE

## 3.1 Sommige natuurlike attribute (eienskappe) van God.

Die God van die Bybel, en volgens die Bybel die enigste ware God, is **Ewig.** Hy is sonder begin en sonder einde. Hy bestaan buite tyd. Hy het tyd geskep. God is by die begin van tyd en reeds by die einde. Dit is waarom die Bybel in Op. 1:8 sê:

> *"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"* (OAV).

Sien ook Ps. 90:2; Jes. 41:4; 48:12; 57:15; Heb. 1:8.

God is ook **Alomteenwoordig** (Ps. 139:7-10; Jer. 23:24). Niks ontgaan God se waarneming nie. Hy is egter nie altyd op alle plekke op dieselfde manier teenwoordig nie. Soms is God op 'n spesiale manier teenwoordig, wanneer sy teenwoordigheid bewustelik ervaar word. Dit is egter uitsonderlik en gebeur baie, baie selde. 'n Mens behoort so 'n ervaring nooit na te jaag nie, maar behoort dit aan God se wil en oordeel oor te laat. Deur dit ten koste van alles te probeer bereik kan die deur vir vals ervarings deur bose magte oopgemaak word.

God is ook **Alwetend** (Ps. 139:4; Jes. 46:10; Heb. 4:13; 1 Joh. 3:20) Hy weet alles, selfs elke gedagte van 'n mens en alles wat in die toekoms gaan gebeur.

God is ook **Almagtig** (Job. 42:2; Ps. 115:3; Jes. 14:24 & 27; Mat. 19:26). Hy kan enigiets doen wat volgens sy regverdige wil en oordeel gedoen moet word. Omdat Hy nie wil nie, kan God egter nie dinge doen wat indruis teen sy morele attribute nie. Hy kan byvoorbeeld nie onregverdig of liefdeloos optree nie.

God is ook **Onveranderlik** (Jes. 41:4; Heb. 1:11, 12 & 13:8; Jak. 1:17), God se wese kan nie verander nie, Hy verbeter nie, want dit is nie nodig nie. Hy is volmaak.

## 3.2 Sommige morele attribute (eienskappe) van God.

God is **regverdig**, **genadig**, **goed**, **geduldig**, **heilig**. Al hierdie eienskappe van God kan saamgevat en ingesluit word in God se belangrikste morele attribuut, naamlik sy **liefde**. Wanneer die volmaaktheid van God se liefde reg verstaan word, is dit op sigself 'n bewys van God se bestaan en die waarheid van die Bybel. So 'n volmaakte liefde kon nie deur verskillende skrywers op verskillende plekke in verskillende tye in sulke volkome harmonie uitgedink word, anders as onder inspirasie van die Gees van God nie (sien: Die Gesag van die Bybel hierbo).

## 3.3 Liefde, as God se allesomvattende morele eienskap.

Wanneer die leser God se liefde, soos dit hieronder bespreek word begryp, sal hy/sy ook verstaan waarom dit as God se belangrikste morele eienskap beskou behoort te word wat al sy ander morele attribute insluit. Liefde is regverdig, dit kan nie anders nie, dit is ook genadig, goed, geduldig, toegewyd (heilig) en dit gee om (welwillend).

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat die God van die Bybel 'n God van liefde is. Slegs enkele voorbeelde word genoem. Sien Num. 14:18a:

> *"**Die Here is geduldig en oorvloedig in troue liefde;**"* (2020AV)

Maar Hy het nie net lief nie, Hy is meer as dit. **Hy ís liefde**. God se liefde is reg deur die Bybel duidelik, maar in 1 Joh. 4:8 & 16 word dit duidelik uitgespel: vers 8 sê:

> *"**Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.**"* (OAV).

En vers 16.

> *"**En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom.**"* (OAV).

Dit is die rede waarom God se wet liefde is. Sy wet, wat liefde is, is liefde omdat Hyself liefde is, en kan daarom ook nooit verander nie. Dit is die universele, morele wet van God wat berus op sy karakter. Dit sal altyd bestaan; 1 Kor. 13:8:

> *"**Die liefde vergaan nooit nie, ...**"* (NAV)

God se opdrag aan sy volk, Israel, is:

> *"**Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.**"* (Lev. 19:18).

Dit sluit vreemdelinge in:

> *"**Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos 'n kind ... . En jy moet hom liefhê soos jouself,**"* (Lev. 19:34). (OAV)

Dit beteken minstens dat God self liefhet, ongeag wie dit is. Hy sal tog nie van die mens meer verwag as wat Hyself is en doen nie. Die Here Jesus sê dat die mens selfs sy vyand moet liefhê volgens Mat. 5:44 en Luk. 6:27. As God van die mens verwag om almal, insluitend sy vyand lief te hê beteken dit minstens dat God self ook almal, insluitend sy vyand liefhet. En dit is so. Die natuurlike mens is, as gevolg van die sonde, 'n vyand van God, maar God het hom lief en wil hom verlos. Dit word hieronder bespreek.

Die vraag kan nou gevra word; 'Waarom straf God dan mense as Hy liefde is?' Die antwoord daarop is dat Hy presies om daardie rede straf; omdat Hy liefde is. Liefde kan nooit onregverdig wees nie, en regverdigheid vereis dat sonde (onregverdige en selfsugtige gedrag) gestraf word (sien Eks. 34:7).

God se liefde is volmaak en daarom kan die mens met sy beperkte vermoë dit nie ten volle verstaan of beskryf nie. Wat wel duidelik is, is dat God se liefde 'n **volkome welwillendheid** is ten opsigte van alle mense. God wil hê dit moet goed gaan met die mens (**LW. Dit gaan slegs werklik goed met die mens wanneer hy met God in die regte verhouding is, want dit is ewig en nie tydelik soos wêreldse voorspoed nie**). Die feit dat dit nie altyd met mense goed gaan sover dit die tydelike betref nie, is nie God se skuld nie, dit is ook nie altyd straf van God nie, maar meer dikwels die gevolg van sonde (eie en ander s'n).

Die hele Bybel gaan in wese oor God se strewe om die hardnekkige en sondige mens, op 'n **regverdige en liefdevolle manier**, weer met Homself te versoen. God weet dat dit die enigste manier is om die mens te verlos van die ewige dood en verdoemenis waarin die mens homself bevind as gevolg van sonde. God wil graag die mens verlos, want Hy is liefde. Daarom het God 'n plan om die mens te verlos. Hierdie ‚**Goeie Nuus**, plan word duidelik wanneer die Bybel bestudeer word.

# 4 GOEIE NUUS

## 4.1 Verlossing

Omdat God liefde is en omdat Hy almagtig is doen Hy alles wat volgens sy regverdige wil en oordeel gedoen moet word in hierdie wêreld, wat in die mag van die Bose is. Daarom is daar tog hoop vir die mens, wat dood is in sy sonde. God wil die mens (alle mense) hiervan verlos en dit vir die mens moontlik maak om met Hom versoen te word. Slegs God kan dit doen, want uit sy eie kan die mens op geen manier tot God terugkeer om met Hom versoen te word nie.

## 4.2 Versoening met God vir die mens

Liefde sluit regverdigheid in, daarom kan God die mens slegs op 'n regverdige manier verlos tot 'n nuwe lewe by Hom. Hy kan nie maar net die mens se sonde oorsien nie, want regverdigheid vereis straf vir sonde. Volgens Eks. 34:7 vergewe God sonde, maar laat dit nooit ongestraf nie. Daarom sê God in Num. 14:18:

> *"**Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie.**"* (NAV)

Dit is regverdig, want waar sonde nie gestraf word nie is daar chaos, en ly mense onder ander mense se selfsug (sonde). God maak van die begin af bemoeienis met die mens. Ongeveer 400 jaar na die sondvloed roep die Here vir Abra(ha)m. God het 'n plan met Abraham, Hy wil vir Hom 'n volk (Israel) voorberei waardeur Hy sy *"**seën vir al die volke van die aarde**"* (Gen. 12:3 NAV), sy plan van verlossing vir die mens, deur sy volmaakte Offer, kon uitvoer. Deur verbonde (vrywillige ooreenkomste) met Abraham en sy nageslag (Israel) loop God 'n pad met Israel – wat soms maar moeilik is weens die onbetroubaarheid van sy volk – en op die bestemde tyd verskyn die Seën van God vir alle nasies. Jesus Christus, die Seun van God, verskyn as volmaakte offer om die straf vir die mens se sonde op Hom te neem en die mens van sy sonde te verlos. Hy betaal die prys vir die mens se versoening met God. Herlewing ('n nuwe lewe van vrede met God) word so vir die mens moontlik gemaak.

Straf vir die mens se sonde is nodig, want omdat God regverdig is het Hy bepaal dat bloed versoening bring (Lev. 17:11). In dieselfde gedeelte word gesê dat die lewe (siel) in die bloed is. Dit beteken dus dat die lewe uitgestort word wanneer die bloed uitgestort word. Die mens kan nie deur sy eie lewe versoening doen vir sy sonde nie, want sy lewe sou in werklikheid net genoegsaam wees om sy eerste sonde te versoen en dan kan hy niks verder aanbied vir al die daaropvolgende sondes nie. Ook in Heb. 9:22b ***" ... sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie."*** (NAV). Die sonde moet dus gestraf word. Die enigste manier is dat daar 'n volmaakte,

vleklose, sondelose offer moet wees om versoening vir die mens te bewerk. God alleen kan hierdie volmaakte offer voorsien, wat versoening met Hom, en ‘n nuwe lewe vir die mens, kan bring. Rom. 3:25a: ***“Hom*** (Jesus) ***het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo.”*** (NAV)

So lief het God die verlore mens dat Hyself die prys betaal. Joh. 3:*16:*

> ***"Want só lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*** (OAV).

Hierdie volmaakte offer is die Here Jesus Christus wat in Israel, uit die volk van Israel, van God uitgegaan het, en as mens gebore is, met die doel om die volmaakte offer te wees waardeur versoening met God vir die mens moontlik gemaak is. 1 Joh. 4:10:

> ***"Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as 'n versoening vir ons sondes."*** (OAV).

Die apostel Paulus verwys hierna as bewys van God se liefde in Rom. 5:8:

> ***"... maar God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."*** (OAV)

Die Here Jesus is die offer vir die sondes van die mens waarvoor geen ander offer voldoende kan wees nie. Petrus bevestig dit in 1 Pet. 2:24

> "(Jesus) ***wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe;"*** (OAV).

Paulus stem saam in Ef.1:7:

> ***"In Hom*** (Jesus) ***het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade,"*** (OAV).

So ook die skrywer van die Hebreër brief in Heb. 10:14:

> ***"Want deur een offer*** (Jesus Christus) ***het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word."*** (OAV).

God se verlossing is beskikbaar vir almal. Paulus leer dit in 1 Tim. 2:3, 4:

> *“**Dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.**”* (OAV)

Petrus verstaan dit ook so as hy in 2 Pet. 3:9 skryf:

> *"**Die Here stel nie die belofte uit, soos party mense dink nie. Inteendeel, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê sommige mense moet verlore gaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.**"* (2020AV)

God weet egter dat baie mense nie sal belangstel om met Hom versoen te word nie. Daarom sê die Here Jesus volgens Mat. 7:14:

> *"**Maar die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.**"* (OAV)

Volgens Luk. 13:24 sê Hy:

> *"**Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie.**"* (OAV)

Die feit dat God weet dat nie almal hierdie geskenk van verlossing uit sy hand sal aanvaar nie, verander nie sy liefde nie. Hy wil in elk geval graag hê dat almal tot bekering kom en gered word, sodat dit met hulle goed kan gaan. Dit is sy wens vir elke mens. Daarom maak Hy voorsiening daarvoor.

Die belangrikste rede waarom sommige mense nie gered wil word nie, is omdat die eie-ek (self) die eerste plek in hierdie mense se lewens inneem. Hulle sien nie kans vir die morele eise van die geloofslewe nie. Diegene wat wel gered wil word, maar onsuksesvol probeer (sien Luk. 13:24), is mense wat op hulle eie selfsugtige maniere, soos Kain, probeer om by God uit te kom. Hulle motiewe is verkeerd, dit gaan vir hulle net oor die self en eie voordeel. Dit is mense wat die beste van hierdie wêreld wil hê, sowel as die beste van die toekomstige wêreld. Mense gaan dikwels kerk toe *"**... omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees,...**"* (2 Tim. 4:3 OAV). Hulle wil hoor dat God hulle wil seën met wêreldse voorspoed en gesondheid. Hulle wil dikwels ook vermaak word deur musiek wat nie altyd ware lofsang en aanbidding van God is nie. Dit sluit egter ook in daardie mense wat nie genoeg moeite doen om uit die Bybel te verneem wie God is en wat Hy vir die mens gedoen het nie.

Die feit dat God voorsiening gemaak het vir almal se redding en versoening met Hom, beteken nie dat almal outomaties gered word nie. Hierdie geskenk van verlossing en nuwe lewe met God, word net verkry deur diegene wat dit glo en aanvaar. **Die mens moet kies**, want die mens het 'n Godgegewe vermoë om te kan kies.

## 4.3 Vermoë om keuses te maak (vrye wil)

Dit is duidelik volgens die Bybel dat die mens die vermoë het om keuses te kan maak, en dat God van die mens verwag om keuses te maak. Sommige teoloë worstel met die

probleem van vrye wil. Dit wil voorkom asof hulle vassteek by ’n voorveronderstelling dat God slegs vooruit kan weet wat mense gaan besluit en doen indien Hy dit self vooruit bepaal, beskik en verordineer. Hulle kan nie glo dat God vooruit kan weet wat elke mens gaan besluit en doen, nog voordat die mens self weet wat hy gaan besluit en doen nie. Sommige ernstige gelowiges, deur die eeue en tot vandag toe, het geleer en leer steeds dat God nie iets vooruit kan weet indien Hy dit nie self beskik en laat gebeur nie. Vir ons mense is dit ‘n moeilik verstaanbare begrip, maar as ons die Bybel glo, moet ons ook glo dat dit vir God moontlik is, want die Bybel leer dit beslis.

So dikwels waarsku God mense in die Bybel om sekere dinge te doen en ander dinge nie te doen nie, dat dit duidelik is dat hierdie mense kon kies of hulle God wou gehoorsaam of nie. So vroeg as Gen. 4:7, na die sondeval, waarsku God vir Kain as volg:

> *“ – die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers.”* (OAV)

Kain het nie God se opdrag nagekom nie en sonde gedoen. Indien hy nie die vermoë gehad het om te kies nie sou dit geen sin gemaak het dat God hom gewaarsku het nie. Verder gee God opdragte aan mense en beloon hulle as hulle dit doen en straf hulle oor ongehoorsaamheid. Hoe regverdig en liefdevol sou dit van God wees indien Hy sou beskik het dat hulle ongehoorsaam is en hulle dan daarvoor straf?

Indien alles vooraf deur God verordineer en beskik was, soos wat sommige gelowiges verkeerdelik leer, sou dit beteken dat elke menslike handeling en elke ding wat gebeur deur God verordineer, bepaal en beskik word. Dit sou verder beteken dat ‘n mens nie verantwoordelik gehou sal kan word vir verkeerde selfsugtige dade (sonde) nie, omdat jy geen keuse (wil) daarin gehad het nie. ‘n Mens sou nie kon kies om reg of verkeerd te doen nie, want alles is daarvolgens vooraf deur God bepaal. Geloofshelde soos uitgebeeld in die Bybel en veral in Hebreërs 11 sou nie moontlik gewees het nie. Een van hierdie geloofshelde is Abraham, Gen. 15:6:

> **"*En hy*** (Abram) ***het in die Here geglo*** (i.v.m. die verbond se belofte van 'n groot nageslag)*;* ***en Hy*** (God) ***het hom dit tot geregtigheid gereken*."** (OAV).

As God dit self so beskik het dat Abram (Abraham) sou glo, deur manipulasie van sy wil (indien hy geen keuses kon uitoefen nie), sal dit tog glad nie sin maak om dit vir hom tot geregtigheid te reken nie.

Dit geld ook vir verhoudings. Dit kan nie sinvol of eg wees as dit nie vrywillig is nie. Gedwonge verhoudings is betekenisloos. Dit is so vir mense en dit geld ook wat betref die verhouding tussen God en mens. God soek betekenisvolle verhoudinge. Volgens Joh. 4:23 soek God ware aanbidders wat Hom in gees en in waarheid sal aanbid. Om God in gees te aanbid beteken om Hom met volle oorgawe, in afhanklikheid van die

Heilige Gees, met jou hele hart en wese te aanbid. Dit beteken 'n mens moet Hom so wil aanbid, jou wil moet daarby betrokke wees, dit kan nie anders nie. Om God in waarheid te aanbid betrek ook die wil. Dit gaan oor die motief. Dit beteken dat God aanbid word vir wie en wat Hy is en nie om twyfelagtige redes, soos om een of ander iets daardeur te wen nie. Dit bly steeds ‘n keuse.

**Vir die doel van hierdie bespreking beteken vrye wil bloot die vermoë om keuses te maak. Dit beteken in elk geval nie totale vryheid of soewereiniteit van die mens se kant af nie.** ‘n Mens kan baie dinge wil doen, maar dit is nie altyd moontlik om alles te doen wat jy wil doen nie. Een daarvan is dat die mens uit sy eie niks kan doen om met God versoen te word nie, al sou hy graag wou en dit op sy eie manier probeer. Daarom maak God van sy kant af bemoeienis met die mens. Hy wil die mens van hierdie verlore toestand verlos en vir die mens ‘n nuwe lewe van versoening met Homself gee.

# 5 TYD OM TE BESLUIT?

In die lig van wat hier bespreek is, staan elkeen wat tot hier gelees het, en dit nog nie gedoen het nie, voor ‘n keuse. 'n Mens moet eerstens besluit of jy glo dat die Bybel die ware Skepper God se besondere openbaring van Homself aan die mens, en sy wil vir die mens is. As 'n mens eerlik wil wees sal jy moet erken dat dit wel die geval is. Sommige mense sal ongelukkig nooit oortuig word nie, omdat hulle nie oortuig wil word nie.

Diegene wat wel die Bybel as God se besondere openbaring herken en tot die besef gekom het dat die ware God liefde is, en dat Hy jou uit jou verlore toestand (dood in sonde) wil verlos en met Hom wil versoen, deurdat Hyself in Jesus Christus, die offer vir jou sonde voorsien het, moet jy besluit of jy hierdie geskenk van God wil aanvaar. Is jy bereid om die ou self-lewe af te lê en jouself te verloën ter wille van hierdie nuwe lewe, of is die koste te hoog vir jou? As 'n mens dan hierdie nuwe lewe van versoening met God graag wil hê, moet jy in gebed God se verlossings geskenk aanvaar en Hom vertrou om jou deur sy Heilige Gees in staat te stel om hierdie nuwe lewe te leef.

## 5.1 Aanvaar God se geskenk van versoening met Hom

Versoening met God (redding en verlossing van sonde) is 'n geskenk van God, ’n gawe wat nie verdien kan word nie. God gee dit vir die mens omdat Hy liefde is. Ef. 2:8, 9:

> ***"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."*** (OAV).

En Rom. 6:23:

> ***"Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."*** (OAV).

In Hand. 16:30, 31 vra die tronkbewaarder aan Paulus en Silas:

> ***"Menere, wat moet ek doen om gered te word? Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, ..."*** (OAV).

Dit beteken om te glo en te aanvaar dat die versoening met God, wat Hy moontlik gemaak het deur die kruisdood en opstanding van die Here Jesus, ook vir jou is. Dit is inderdaad 'n geskenk van God aan die mens, uit liefde, **wat ‘n mens moet glo en aanvaar om dit te besit**.

Hierdie geskenk van God is gratis, niemand hoef iets te doen, of kan iets doen om dit te verdien nie. Dit is beskikbaar vir almal wat daarvan hoor, dit glo en aanvaar. ‘n Geskenk in die ware sin van die woord word nie verdien nie, want dit is nie vergoeding nie. Soos met elke ander geskenk wat jou aangebied word moet ’n mens dit egter aanvaar. As ‘n mens dit nie vat, of aanneem nie, word dit nooit joune nie en kan jy nooit die voordele daarvan geniet nie, ongeag die bedoeling van die gewer. Daar is geen meriete daarin om ‘n geskenk te aanvaar nie. Die aanvaarding van ’n geskenk kan nooit ‘n aksie wees waardeur ‘n mens ‘n bydrae maak tot die verdien van die geskenk nie. Dit geld ook wat God se geskenk betref. Die Bybel stel geloof teenoor werke as die enigste manier om God se geskenk van verlossing te ontvang (sien o.a. Hand. 13:38-39; Rom. 3:21-28; Gal. 3; Fil. 3:9). Dit beteken dat geloof nie ‘n werk is waardeur ‘n mens ‘n bydrae maak tot die verdien van God se geskenk van verlossing nie. Die voordele van hierdie geskenk van God vir diegene wat dit aanvaar, is vergifnis en verlossing van sonde, versoening met God en ‘n ewige lewe by Hom. ‘n **Nuwe lewe van vrede met God**.

Enige geskenk wat ‘n mens ontvang bring verantwoordelikhede mee, hoe gering die nodige handelinge in verband daarmee ook al mag wees. As dit nie versorg word nie, of nie gebruik word vir die regte doel nie, kan ‘n mens skade ly. ‘n Mens kan dit verloor of die nut en gebruik daarvan verloor. Daar is dus altyd 'n koste verbonde aan die ontvang van ‘n geskenk. Die koste kan wissel van enkele geringe handelinge, tot baie moeite wat baie energie en selfs geld kan vereis, in die geval van groot geskenke. Byvoorbeeld: 'n vrou wat blomme kry versorg dit; iemand wat 'n fiets of kar kry versorg dit en hou dit in stand, soms teen hoë koste (brandstof, dienste, bande, ens.).

Om hierdie geskenk van God te aanvaar beteken in wese om ’n volgeling of dissipel van die Here Jesus te word. Dit bring ook verantwoordelikhede of koste mee. Die Here Jesus Christus, wat hierdie geskenk moontlik gemaak het, sê dat hierdie verantwoordelikhede koste is wat bereken moet word.

Die Here Jesus verduidelik die koste van dissipelskap so in Luk. 9:23: ***"As iemand agter My aan wil kom*** (My dissipel wil wees)***, moet hy homself verloën*** (sy eie belange nie meer bokant God stel nie) ***en sy kruis elke dag opneem*** (bereid wees om aan homself te sterf, soos wat die Here Jesus self gedoen het toe Hy sy kruis opgeneem het) ***en My volg*** (My dissipel wees)***."*** (OAV). Sien onder andere ook Mat. 16:24 en Mark. 8:34.

’n Mens kan nooit verlossing en versoening met God bewerkstellig deur goeie dade te doen nie. Wanneer ’n mens egter hierdie geskenk aanvaar het, het jy sy dissipel, sy kind, sy volgeling geword en dan moet jy die verantwoordelikhede in verband daarmee nakom. As ’n mens dit nie nakom nie dan versorg jy nie die geskenk nie en dan geniet jy nie die volle waarde, nut en voordele van hierdie wonderlike geskenk nie. ‘n Mens kan dan met reg wonder of so iemand die geskenk regtig gevat (geglo) het. Die Here Jesus sê in verband hiermee in Mat. 7:21:

> ***"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."*** (OAV).

Jakobus sê ook hieroor in Jak. 2:20:

> ***"Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is?"*** (OAV).

As 'n mens sê jy glo, maar jou optrede is nie in ooreenstemming daarmee nie, is dit volgens Jakobus 'n dooie geloof. ‘n Dooie geloof is ‘n geloof wat nie tot redding lei nie.

Elkeen wat dit oorweeg om hierdie geskenk van God te aanvaar, moet dus baie ernstig daaroor nadink en besin. Bereken die koste en besluit of jy dit regtig wil hê. Die koste is onder andere die ou lewe. ’n Mens kan nie ‘n nuwe lewe van versoening met God lewe, en terselfdertyd voortgaan met jou ou lewe van sonde nie. **Onthou egter dat die nuwe lewe nie in eie krag gelewe word nie, maar deur die Heilige Gees se krag.**

Wanneer ‘n mens die koste bereken het en besluit om hierdie kosbare geskenk van God te aanvaar, word dit gedoen deur gebed. Gebed is die manier waarop die mens met God kommunikeer. Die volgende sake behoort met God bespreek te word in gebed:

- Bely (erken) aan God jou sondes en jou behoefte aan verlossing. Hy vergewe al jou sondes op grond daarvan dat die Here Jesus reeds die straf daarvoor gedra het, ongeag die omvang en erns daarvan. God wil graag met jou die saak uitmaak, soos wat Hy deur die profeet Jesaja sê in Jes. 1:18:

> ***"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol."*** (OAV).

- Sê vir God dat jy sy geskenk van verlossing deur die Here Jesus aanneem en dank Hom dat die Here Jesus die prys vir hierdie sondes betaal het deur sy kruisdood, en dat jy as gevolg daarvan gered is en met God versoen is. Dit word dus aanvaar soos wat ‘n mens enige ander geskenk sou aanvaar, want dit is 'n geskenk aan jou uit die hand van God. Ef. 2: 8, 9:

> ***"Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is 'n gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."*** (OAV).

- Gee jouself aan Hom oor, sê vir Hom dat jy van nou af nie meer vir jouself lewe nie maar vir Hom. Dat jy nie meer jou eie belange eerste stel nie, maar dat Hy nou die eerste plek in jou lewe inneem. Dat jy nou ‘n volgeling van die Here Jesus is en jouself, die wêreld en Satan verloën.

- Dank God omdat Hy, sonder dat jy dit verdien het, dit vir jou moontlik gemaak het deur die kruisdood van die Here Jesus, om terug te keer uit die ewige dood, na ‘n nuwe lewe van versoening en vrede met God.

- Verklaar jou volle afhanklikheid van God om deur sy Heilige Gees in staat gestel te word om hierdie nuwe lewe tot sy eer te leef.

Elkeen wat hierdie geskenk aanvaar het, het nou die onbeskryflike voorreg om ‘n kind van God te wees, soos die Bybel belowe in Joh. 1:12:

> ***"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;"*** (OAV).

Die betekenis en gevolge van hierdie stap word vervolgens bespreek, en daarmee saam die gelowige dissipel van die Here Jesus se verantwoordelikhede, as integrale deel van hierdie nuwe lewe.

# 6 DIE NUWE LEWE

‘n Nuwe gelowige behoort deur die doop deel te word van die Kerk van Christus wat bestaan uit alle ware gelowiges. Deur die doop getuig die nuwe gelowige teenoor die wêreld en Satan, met medegelowiges as getuies, dat hy/sy dood is vir die ou self-lewe van sonde en nou begin het met hierdie nuwe lewe in Christus. Paulus sê hieroor in Rom. 6:4:

> *“Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in ‘n nuwe lewe kan wandel.”* (OAV, sien gerus ook NAV).

Om ’n gemeente of gemeenskap van gelowiges te vind wat op Bybelse beginsels, in liefde, funksioneer is nie altyd maklik nie. Die nuwe gelowige wat nie reeds deel van so ’n gemeente is nie, moet ernstig bid en die Gees van God vertrou om hom/haar na so ‘n gemeenskap te lei. Volhard in die vertroue dat die Here sal voorsien. Daar is ongelukkig in waarskynlik alle gemeentes, selfs in die wat op Bybelse beginsels funksioneer, ook ‘Christene’ wat net kerk toe gaan ‘vir ingeval’. Mense wat glad nie oortuig is van die geloof wat hulle veronderstel is om te bely nie. Dan is daar ook gelowiges in wie die liefde van God nie altyd heers nie en waar afguns, hoogmoed en allerlei verkeerde gesindhede dikwels aanleiding gee tot venynigheid teenoor mekaar. Die nuwe gelowige moet bedag wees op hierdie negatiewe dinge (onthou dat ons in ‘n wêreld is wat in die mag van die Bose is) en bid dat die ware liefde van God in sy/haar eie hart sal heers tot eer van God en tot opbou van die liggaam van Christus op aarde.

Elke gelowige moet ook besef dat elkeen vir hom-/haarself verantwoordelikheid moet aanvaar. Daarom behoort elke gelowige te doen wat die mense van Berea gedoen het terwyl hulle deur Paulus bedien was. Hulle het volgens Hand. 17:11:

> *“... met groot belangstelling na elke woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos wat Paulus sê.”*

Ondersoek asseblief die Bybel biddend en opreg. Maak seker dat dit wat aan jou voorgehou word in preke, lesings, boeke, traktate, ens., in harmonie is met die boodskap van die Bybel. Moenie elke lering sonder meer aanvaar nie, ongeag hoe glad of oortuigend die aanbieder mag wees. Toets alles wat geleer word aan die Bybel, ook dit wat in hierdie boekie geleer word. Wees in die eerste plek ‘n volgeling van die Here Jesus. Wees wakker en maak altyd seker, deur biddende Bybelstudie en vertroue op die Heilige Gees, dat die pad waarop jy deur jou geestelike leier gelei word, die pad is wat na die Here Jesus toe lei.

Hoewel die nuwe lewe van geloof nie swaar is nie (sien 1 Joh. 5:3), is daar baie struikelblokke in die pad van 'n gelowige. Satan sal alles in sy vermoë doen om jou te laat twyfel. Daarom het elke nuwe gelowige nodig om deur medegelowiges **in liefde** bedien te word, ten einde te groei in die geloof. Dit is die plig en verantwoordelikheid van elke gelowige om medegelowiges met sy/haar geestelike gawes, **in liefde** te bedien, tot opbou van die liggaam. Lees gerus in Rom. 12:1-8 oor die nuwe lewe in Christus en hoe gelowiges se genadegawes tot voordeel van die gemeente gebruik moet word. Lees asseblief ook verder oor die geestelike gawes in 1 Kor. 12 (hele hoofstuk) sowel as Ef. 4:1-16 om insae te kry oor hoe gelowiges mekaar **in liefde** behoort te bedien ten einde mekaar, en sodoende die liggaam, op te bou. 'n Lewende gemeenskap van gelowiges waar gelowiges mekaar **in liefde** bedien tot opbou van die liggaam, is die plek waar gelowiges werklik versterk word in hulle geloof.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die verantwoordelikhede in verband met hierdie geskenk van verlossing van God, die noodwendige gevolg of uitvloeisel is van die aanvaarding daarvan, en dat dit nie die rede vir verlossing is nie. Dit is nie werke waardeur 'n mens gered kan word nie. Dit is nie eens moontlik om daardeur selfs die geringste bydrae tot jou verlossing te maak nie.

## 6.1 Nuwe geboorte

Om met God versoen te wees beteken die begin van 'n nuwe lewe. Op grond van die Here Jesus se kruisdood, in jou plek en vir jou sondes, lewe jy nou weer in 'n lewende verhouding met die lewende God. Jy is nie meer van God verlate en van Hom vervreem nie. Paulus beskryf hierdie verandering as volg in 2 Kor. 5:17:

> ***"Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*** (OAV).

Deur sy Gees is die Here Jesus nou in jou en jy in Hom. Hy moedig gelowiges as volg aan in Joh. 15:4a:

> ***"Bly in My, soos en Ek in julle."*** (OAV)

Die Here Jesus noem hierdie nuwe lewe weergeboorte. Dit is 'n geestelike geboorte, 'n geestelike herlewing, van iemand wat geestelik dood is in sonde. Hy sê volgens Joh. 3:3:

> ***"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."*** (OAV).

In verse 14-15 vergelyk Hy Homself as volg met die koperslang wat Moses in die woestyn moes maak:

> ***"En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*** (OAV).

Moses moes die koperslang in die woestyn verhoog sodat die Israeliete, wat as gevolg van slangbyte besig was om dood te gaan, weer gesond kon word (nuwe lewe kon kry) deur na die slang te kyk (Num. 21:8,9). Hulle het die verwagting gehad dat hulle gesond sou word deur na die slang te kyk. Net so, in geloof en verwagting van 'n nuwe (ewige) lewe, moet die mens na die Here Jesus Christus kyk. Die Israeliete in die woestyn was sterwend en kon niks doen om gesond te word nie. God maak verlossing (lewe) vir hulle moontlik deur Moses se opheffing van die koperslang. Dit was egter verpligtend dat hulle na die slang moes kyk. Diegene wat nie gekyk het nie het gesterf. Net so is die natuurlike mens dood in sy sonde as gevolg van die slang (Satan se misleiding). Slegs diegene wat in geloof na Christus kyk vir verlossing van die ewige dood waarin hulle is, ontvang hierdie nuwe lewe van God. God bly steeds die Gewer daarvan, die mens ontvang dit slegs deur geloof. Diegene wat nie in geloof na Christus kyk vir weergeboorte (nuwe lewe) nie, bly in die ewige dood waarin hulle van nature is, as gevolg van die sondeval.

Hierdie nuwe lewe is uit God (Joh. 1:13; 1 Joh. 3:9; 5:1, ens.). Dit kom van God af. God maak hierdie nuwe geestelike geboorte moontlik deur sy Heilige Gees. ‘n Mens kan baie dinge wil doen, maar jy kan nie altyd alles doen wat jy wil nie. Die nuwe lewe in Christus is een van die dinge wat ‘n mens uit sy eie nie kan doen nie, al wil jy hoe graag. Geen mens kan dit uit eie vermoë lewe nie. Wanneer 'n mens dus die boodskap hoor en glo en besluit dat jy dit wil aanvaar, het jy nog niks gedoen om dit te verdien nie, jy het niks om op te roem nie. Jy het maar net gedoen wat 'n mens doen as jy enige ander geskenk aanvaar, wat jy ook nie verdien het nie.

Dit beteken dat hierdie nuwe lewe die ou lewe van sonde vervang. 'n Mens kan nie met jou ou sondige lewe voortgaan en terselfdertyd hierdie nuwe lewe leef nie. Paulus sê, in Rom. 6 veral verse 6-8, dat die ou mens saam met Christus gekruisig is en gesterf het. In hierdie nuwe lewe wat van God af kom kan die self, die eie-ek, nie meer die belangrikste in my lewe wees nie. Die lewe van die weergeborene gaan nie meer oor die self nie, maar oor Hom. Dit beteken Hy is nou eerste in my lewe. Iemand wat met die ou lewe wil voortgaan, glo nie regtig nie, of erger nog, hy wil nie die ou lewe prysgee ter wille van hierdie nuwe lewe nie. Hy het nie die koste bereken nie. 'n Gebedjie waarin ek die Here Jesus ‘aanneem’ is nie genoeg nie, daar moet 'n bereidheid en gewilligheid wees om hierdie nuwe lewe van God te ontvang in die plek van die ou lewe. Eers dan is dit 'n lewende geloof wat kan red.

## 6.2 Oorgawe

Dit beteken niks anders as 'n totale oorgawe nie. 'n Weergeborene behoort nie meer aan homself nie, maar aan God. Hy is uit God gebore en is nou 'n kind van God. Gal. 3:26, 27

> ***"Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, moet lewe soos mense wat aan Christus behoort."***

Die nuwe lewe beteken om voluit vir Christus te lewe en nie meer vir die self nie. 2 Kor. 5:15

> ***"En Hy*** (die Here Jesus) ***het vir almal gesterwe sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is."***

Die ou lewe (natuur) is saam met Christus gekruisig en die Christen-gelowige is nie meer 'n slaaf van die sonde nie. Rom. 6:6:

> ***"Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie."***

Dit beteken verlossing van sonde (Rom. 6:18).

> ***"Ons dank God dat julle van die sonde vrygemaak is en slawe van God geword het wat sy wil doen."***

Om van sonde verlos te wees beteken 'n wegdraai van 'n lewe van sonde na 'n lewe onder beheer van die Gees van God. Sal so 'n weergeborene wil voortleef in sonde? Dit is dan 'n nuwe lewe.

## 6.3 Heiligheid

Wat beteken dit om heilig te wees? Beteken dit 'n mens moet al die groot sondes in jou lewe identifiseer en ophou daarmee? Wanneer is 'n mens heilig? Heilig beteken allermins om vroom voor te gee en veroordelend te wees teenoor ander gelowiges, terwyl jy self maar nog steeds vir jouself lewe. Dit is gewoon skynheiligheid. Heilig beteken om vir God afgesonder te wees. Oorgegee te wees soos hierbo bespreek. 'n Mens is nog nie naastenby heilig as jy net ophou om die opsigtelike (groot) sondes te doen, en nog steeds maar net vir jouself te lewe nie. Die nuwe lewe is 'n heilige lewe, en om 'n oorgawe aan God te maak beteken om aan Hom toegewy (heilig) te wees.

Heiligheid is vir God belangrik, daarom dring die Bybel daarop aan: 1Pet. 1:15, 16.

> *“..., soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: ‘Wees heilig, want Ek is heilig.’”*

Sien ook Lev. 11:44, 45. In Mat. 5:48 sê die Here Jesus:

> *“Wees dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.”* (OAV).

Heb. 12:14 dring ook aan op ‘n heilige lewe:

> *“Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir ‘n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie.”*

So ook 1 Tess. 4:3:

> *"Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe."*

Paulus vermaan die Korintiërs dringend om heilig te lewe in 2 Kor. 6:17-7:1. In Ef. 4:24 sê hy dat 'n mens jou met die nuwe mens moet beklee, in

> *“ware geregtigheid en heiligheid.”* (OAV).

Jak. 1:4 verwag volmaaktheid, wat sigbaar word deur geduld (liefde). Die eerste brief van Johannes verwag 'n heilige lewe. Hy gebruik nie die woord ‘heilig’ nie, maar hy maak dit duidelik dat iemand wat uit God gebore is, nie sondig (liefdeloos optree) nie. (1 Joh. 3:6-10 – lees gerus die hele 1 Joh.)

## 6.4 God se liefde in gelowiges

Omdat God liefde is, wil Hy graag ook liefde in die mens sien. Dit is waarom liefde die wese van sy wet is. In Mat. 22:37-39 vat die Here Jesus die wet van God saam in die gebod van die liefde:

> *“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”* (OAV)

Soos hierbo aangehaal leer die Here Jesus dat die mens jou naaste moet liefhê soos jouself. Sien ook Mark. 12:31 & 33 en Luk. 10:27. Ongelukkig is daar leraars wat, miskien sonder dat hulle dit bedoel of deeglik deurdink het, verskil van die Here Jesus deur te leer dat ‘n mens moet leer om jou self lief te hê ten einde die opdrag te kan uitvoer. As dit nodig is sal dit egter beteken dat die Here Jesus nie geweet het dat elke

mens hom-/haarself in elk geval liefhet nie, ongeag hulle omstandighede. Om jouself te verag of minderwaardig te voel en ongelukkig te voel oor mislukkings is juis ‘n bewys van selfliefde. Iemand wat hom-/haarself nie liefhet nie sal tog nie omgee as dinge in sy/haar lewe verkeerd gaan nie. Selfs iemand wat selfmoord pleeg het hom-/haarself lief anders sou dit tog nie so ‘n diep ongelukkigheid veroorsaak het nie. Verder sal dit beteken dat die tweede deel van die wet van God nie van toepassing is op iemand wat nog nie geleer het om hom-/haarself lief te hê nie.

Die apostel Paulus bevestig dat liefde die vervulling van die wet is wanneer hy skryf in Rom. 13:10:

> ***“Die liefde doen die naaste geen kwaad nie. Daarom is die liefde die vervulling van die wet.”*** (OAV)

En in Gal. 5:14:

> ***“Die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”*** (OAV)

Wanneer ‘n mens in liefde (Bybelse liefde) optree teenoor God en jou naaste, dan leef jy God se wet prakties uit. En dit is moontlik, want hoewel die mens op hierdie aarde nooit volmaakte liefde kan hê soos God nie, is die vermoë om in liefde te kan lewe ‘n gawe van God. Hy gee dit aan gelowiges volgens Rom. 5:5:

> ***“…, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.”*** (OAV)

Daarom verwag Hy ook van gelowiges om hierdie liefde uit te leef.

Omdat dit God se opdrag en wens is, is die uitleef van hierdie liefde teenoor ‘n mens se naaste, ook liefde teenoor God self, en ‘n bewys van ‘n mens se liefde vir God. As ‘n mens God liefhet sal jy sy opdragte, sy wet, uitvoer, daarom skryf die apostel Johannes in 1 Joh. 5:2-3:

> ***“Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.”*** (OAV)

Die Here Jesus bevestig hierdie feit wanneer Hy volgens Joh. 14:15 sê:

> ***“As julle My liefhet sal julle my opdragte uitvoer.”*** en vers 21:***”Wie My opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet.”*** en vers 23: ***"As iemand My liefhet sal hy my woord bewaar."*** (OAV).

Daarom verwag God van gelowiges om hierdie liefde prakties uit te leef.

Is hierdie liefde wat God van die verloste gelowige verwag 'n gevoel van liefde, met ander woorde 'n emosie? Verwag God dan nou van die gelowige om 'n gevoel van aangetrokkenheid, of 'n emosie van 'ek hou van jou', te ervaar teenoor sy naaste? Is dit nie 'n onmoontlike opdrag nie? Volgens die Bybel sluit die mens se naaste, wie jy moet liefhê, nie net vreemdelinge in nie, maar selfs sy vyande. Die Here Jesus sê volgens Mat. 5:44:

> *"**Julle moet julle vyande liefhê,**"* (OAV).

En reeds in die Ou Testament is God se opdrag aan sy volk volgens Deut. 10:19:

> *"**Julle moet vreemdelinge liefhê, ...**"* (2020AV)

Dit is belangrik dat 'n mens verstaan wat hierdie liefde is wat God is, en wat Hy van gelowiges verwag, anders sal jy dit nooit kan uitleef nie.

Niemand kan 'n opdrag uitvoer om 'n gevoel van aangetrokkenheid te ervaar teenoor 'n vreemdeling wat hy pas ontmoet het nie, om nie eers te praat van jou vyand wat jou te na wil kom nie. Is God dan nou onredelik om van 'n mens die onmoontlike te verwag? Beslis nie, die Bybel leer uitdruklik dat God regverdig is, en dat 'n God van liefde nie onregverdige dinge kan doen nie.

God weet dat 'n mens geen direkte beheer oor jou emosies en gevoelens het nie, en omdat Hy regverdig is, sal Hy nooit van 'n mens die onmoontlike verwag nie. God weet dat die liefde wat ons mense ken as 'n gevoel van aangetrokkenheid, 'n sekondêre reaksie is en nie direk deur die persoon wat die gevoel beleef, beheer kan word nie. Behalwe 'n gevoel of emosie van liefde is daar nog voorbeelde van emosies soos gevoelens is vrees, hartseer, blydskap, ens. Dit is alles dinge wat deur 'n gebeurtenis of 'n verhouding geaktiveer word, en dus nie iets waaroor 'n mens direkte beheer het nie. 'n Mens kan nie maar net besluit om bang te wees, of hartseer te wees, of bly te wees nie. Emosies word deur iets geïnisieer wat gewoonlik buite 'n mens se direkte beheer is.

God verwag dus nie van die gelowige om van almal te hou, of tot almal aangetrokke te voel nie. Hy weet dat dit onmoontlik is. God self, wat presies ewe veel liefde (volmaakte welwillendheid) vir almal het, hou meer van party mense as van ander. Dawid was 'n man na God se hart (Hand. 13:22). Hoewel Dawid onvolmaak was en verskeie kere teen God gesondig het, waaroor hy berou gehad het en waarvoor hy gestraf is, het God van hom gehou. God het nie van Esau gehou nie (Mal. 1:3). God het albei ewe lief gehad want Hy wou graag hê dat dit met albei goed gaan, maar Hy het

van die een meer gehou as van die ander as gevolg van hulle gesindhede, besluite en optredes, wat Hy reeds voor hulle geboorte geken het.

God se liefde, sy volmaakte welwillendheid, sy begeerte dat dit met elke mens moet goed gaan, insluitende sy vyande, is ‘n inherente eienskap van God. Dit is hoe God is, hoe Hy besluit om te wees, sy ingesteldheid. Daarom is hierdie Bybelse liefde by die mens ook ‘n besluit, ‘n ingesteldheid, iets waaroor die mens beheer het omdat God deur sy Heilige Gees dit vir jou moontlik maak. Omdat die mens daaroor beheer het kan God dit van ‘n gelowige verwag. Indien die mens wil, sal God deur sy Heilige Gees die mens in staat stel om hierdie liefde te leef.

Die gelowige behoort hierdie gesindheid van welwillendheid (liefde) te hê teenoor almal met wie hy te doen kry (sy naaste), insluitende diegene van wie hy nie hou nie, en selfs sy vyande. Dit is om God se belange bokant eie belange te stel en jou naaste se belange gelyk aan eie belange en dan op te tree volgens die vereistes van die situasie. Hierdie daad van liefde teenoor God en naaste moet ook nie gedoen word ter wille van enige voordeel, erkenning of roem vir self nie. Bybelse liefde is ‘n <u>onselfsugtige</u> welwillendheid. Paulus beskryf hierdie gesindheid so in Fil. 2:3, 4:

> “***Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s’n.***” (OAV)

Selfs ‘n goeie daad wat gedoen word vir eie gewin is sonde. Paulus verduidelik dit so in 1 Kor. 13: 3:

> ***"Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks."*** (NAV)

Bybelse liefde (God se wet) is om altyd aan ‘n ander (jou naaste) te doen wat jy in soortgelyke omstandighede aan jouself gedoen sal wil hê. Die Here Jesus verduidelik dit so in Mat. 7:12:

> “***Alles wat julle dan wil hê dat die mense aan julle moet doen, net so moet julle aan hulle ook doen; want dit is die Wet en die Profete.***” (OAV)

In verband met hierdie Bybelse liefde is daar twee lesse te leer uit die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan, wat die Here Jesus volgens Luk. 10:25-37 vertel het. Eerstens wat liefde is, en tweedens wie ’n mens se naaste is, vir wie jy soos jouself moet liefhê. Die Samaritaan sou die beseerde Jood waarskynlik verag het, omdat die verhouding tussen Jode en Samaritane baie sleg was. Deur die beseerde Jood te versorg, betoon die Samaritaan liefde (welwillendheid) teenoor iemand wat waarskynlik sy vyand is. Hy doen dit ten spyte van sy negatiewe gevoel teenoor hierdie

beseerde persoon. Die beseerde is iemand wat sy pad gekruis het, wie in nood verkeer het en vir wie hy in staat was om te help. Dit was sy maatstawwe. Hy verstaan dat hy die naaste is van elke persoon met wie hy te doen kry en dat so 'n persoon sy naaste is. Hy doen dan wat hy sou wou hê aan hom gedoen moes word indien hy in soortgelyke omstandighede sou wees. Hy pas die goue reël toe wat die Here Jesus ook leer oor liefde vir jou vyand in Luk. 6:27b & 31.

> (27b)*":**Julle moet julle vyande liefhê en goed doen aan die wat vir julle haat,"*** & (31) ***"En soos julle wil hê mense aan julle moet doen, so moet julle ook aan hulle doen.**"* (OAV).

Bybelse liefde is nie net mooi woorde of selfs net 'n gebed vir iemand nie. Die apostel Johannes skryf in 1 Joh. 3:18:

> *"**My kinders, laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar met die daad en in waarheid.**"* (OAV).

Dit beteken 'n mens moet doen, jy moet hierdie liefde prakties uitleef. Indien almal op aarde hierdie liefde wat in wese praktiese onselfsugtige welwillendheid is, uitgeleef het, sou die wêreld 'n paradys gewees het. Niemand sou niemand te na gekom het nie. Daar sou geen vrees op aarde gewees het nie. Dit is waarskynlik waarom die apostel Johannes in sy eerste brief (4:18) skryf:

> *"**Daar is geen vrees in liefde nie; die volmaakte liefde dryf vrees buite, ...**"* (OAV).

Die apostel Paulus brei ook hierop uit in 1 Kor. 13:4-7:

> *"**Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik, liefde is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles**"* (NAV)

'n Mens kan die mooiste dinge skryf, die mooiste dinge sê, die mooiste dinge bid en die mooiste dinge preek, maar as jy hierdie liefde nie in jou het en dit nie prakties uitleef nie, dan baat dit jou niks. As jy ongeduldig is, onvriendelik is, afgunstig is, liggeraak is, boek hou van kwaad wat jou aangedoen is, ander se foute bekend maak (skinder), ens., dan leef jy die liefde nie uit nie. Dan is jy niks en dan baat dit jou niks, al is jy andersins hoe 'n wonderlike mens.

'n Heilige lewe is om God se wet van liefde prakties te leef. Dit is om God se belange altyd bo jou eie te stel en jou naaste se belange gelyk aan jou eie. Dit is om vir God afgesonder te wees. 'n Nuwe lewe in Christus kan tog niks anders wees as om vir Hom

afgesonder te wees nie. Hoe kan ‘n mens met God versoen wees en steeds vir jouself lewe?

Dit is ongelukkig ons as Christene se ervaring dat dit moeilik, of dalk onmoontlik is om heilig te wees deur hierdie liefde prakties uit te lewe. Ons besef hoe maklik ons die verkeerde dinge doen en sê, en dan glo ons graag dat dit onmoontlik is. Dit is boonop 'n handige verskoning, veral as my geestelike leier (Ds., Past., ens.), vir my die versekering gee dat dit onmoontlik is. Christus verwag egter van ons 'n heilige, toegewyde, afgesonderde lewe van liefde vir God en naaste. Is Hy dan onredelik om van ons iets te verwag wat Hy weet ons nie kan doen nie? Nee! Hy verwag dit van ons, omdat Hy weet dat daar vir ons hulp beskikbaar is. Waar sal ons hulp vandaan kom?

# 7 KRAG UIT DIE HOOGTE

In Ps. 121:1 vra die Psalmdigter: *"**Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?**"* Dan gee hy self die antwoord: *" **My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.**"* (OAV).

Dit het nog nie verander nie, ons hulp is steeds van die Here. Deur sy krag stel God die nuwe dissipel (gelowige of Christen) in staat om hierdie dinge te doen en hierdie nuwe lewe te leef. Die Here Jesus beskryf dit so in Joh.15:5:

> ***"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."*** (OAV).

Die Here Jesus het die Heilige Gees gestuur om ons te troos, te leer, te lei en met krag toe te rus (Joh. 14 & 16 & Hand. 1:8). Ons het geen verskoning nie, as ons wil sal Hy deur sy Gees vir ons die vermoë gee. As Hy vir ons die vermoë gee, en ons bewustelik in afhanklikheid van die Heilige Gees lewe, dan kan ons. Ons nuwe (weergebore) lewe is uit God, deur sy Heilige Gees. Ons kan dit ook net lewe deur sy Heilige Gees, en nooit uit ons eie vermoë nie.

Soos wat 'n mens glo dat Christus vir jou verlossing bewerk het, so moet jy glo dat die krag van die Heilige Gees jou in staat stel om die geloofslewe te leef. Paulus stel dit so in Kol. 2:6,7:

> *"**Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom, gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, …**"* (OAV).

Paulus verklaar sy volkome afhanklikheid van Christus deur die Heilige Gees as volg in Fil. 4:13:

> *"**Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.**"* (OAV).

En in Gal. 2:20:

> *"**Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my.**"* (OAV).

Ook in Gal. 5:16:

> *"**Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie;**"* (OAV).

As 'n mens 'n weergebore gelowige is, woon die Gees van God in jou en sal Hy jou krag gee om die nuwe lewe te leef. Rom. 8:8,9 sê:

> ***"Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie. Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie."***

Indien jy 1 Johannes gelees het soos hierbo aanbeveel is, sou jy in 5:4,5 hierdie kosbare waarheid raak gelees het:

> ***"Want alles wat uit God gebore is*** (weergebore Christene)***, oorwin die wêreld*** (sonde in jou lewe)***; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?"*** (OAV).

Lees asseblief ook weer 1 Joh. 3:6-11 hieroor.

Ons het geen verskoning nie, die krag en hulp van bo is beskikbaar as ons dit regtig wil hê.

> ***"Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees."*** (Rom. 8:4).

Onthou asseblief, die 'eise van die wet' is niks meer as die praktiese uitlewing van die Bybelse liefde nie.

Sal God deur sy Gees vir ons 'n heilige lewe moontlik maak as ons regtig wil? In 2 Pet.1:3 kry ons die versekering:

> ***"Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien."***

En Paulus sê in 1 Tess. 5:23,24:

> ***"En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus! Hy wat julle roep, is getrou; Hy sal dit ook doen."*** (OAV).

Glo dat jy deur Christus dood is vir die sonde (oormatige selfliefde). Rom. 6:11:

> ***"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here."*** (OAV).

Glo dat jy as kind van God deur die Gees van God gelei word, aldus Rom. 8:14:

> ***"Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God."*** (OAV).

Glo ook dat die liefde van God in jou hart uitgestort is volgens Rom. 5:5:

> ***"... en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."*** (OAV).

Die nuwe dissipel (gelowige of Christen) is iemand wat in heiligheid (totale toewyding aan God) lewe en nie meer in sonde leef nie; 1 Joh. 3:6:

> ***"Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie."*** (OAV).

Ongelukkig bly die eie-Ek in ons as gelowiges maar 'n probleem wat gedurig eerste wil wees, selfs in toegewyde volgelinge van die Here Jesus is dit ook 'n probleem, wat met die krag van Bo, weerstaan moet word. Daarom, indien ons in 'n oomblik van swakheid wel sondig deur die eie-Ek sy sin te gee, is daar die troos in 1 Joh. 1:9:

> ***"As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig."*** (OAV).

Die Here Jesus weet ook van die mens se swakheid en geneigdheid tot sonde. Daarom leer hy sy dissipels om, wanneer hulle bid, onder andere ook te bid: *"**en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.**" (*Mat. 6:12 - 13 OAV).

Hierdie belofte van vergifnis moet egter nooit as verskoning gebruik word om te sondig en dan later maar weer te bely en vergifnis te ontvang nie.

Hierdie nuwe lewe wat 'n lewe van volkome vrede en blydskap in die Here is, ongeag omstandighede, sal moontlik wees as ons saam met Paulus kan (of wil) sê:

> ***"Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld."*** (Gal. 6:14).